higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 2

(3011032)

17 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

496Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Die finansiële state van ’n alleenhandelaar hoef nie geouditeer te word nie.

1.1.2 Werknemerontwikkeling is ’n goeie voorbeeld van lopende kostes.

1.1.3 Die proses waardeur ’n produk of diens geneem word van onverwerkte materiaal tot dit uiteindelik gebruik word, word die waardeketting genoem.

1.1.4 ’n Produk kan beskryf word as enigiets wat die kliënt verkry in ruil vir ’n item van waarde, gewoonlik geld, om ’n behoefte te bevredig.

1.1.5 Verbruikers is die gebruikers van produkte en dienste.

1.1.6 ’n Banklening is een van die maniere om ’n besigheid te finansier.

1.1.7 Die liassering van kliënte se inligting volgens plek is bekend as geografiese liassering.

1.1.8 ’n Vennootskap moet statute by die Registrateur van Maatskappye indien.

1.1.9 Die onbeperkte-aanspreeklikheidklousule verklaar dat eienaars slegs kan verloor wat hulle in die besigheid belê het.

1.1.10 Om oop vrae te interpreteer, is relatief maklik.

(10 × 2) (20)

1.2 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die bedrag geld wat ’n entrepreneur in ’n besigheid belê	A	teikenmark
1.2.2	Voorbeelde van bates wat aangekoop moet word om ’n besigheid te begin, kan ... insluit	B	eienaarsekwiteit
1.2.3	’n Groep kliënte wat waarskynlik jou produk/diens sal koop	C	wins
1.2.4	’n Besigheid wat deur 1 tot 10 mense besit word	D	grond en geboue
1.2.5	Die hoofrede waarom mense ’n besigheid begin	E	beslote korporasie
1.2.6	’n Goeie voorbeeld van ’n regulatoriese liggaam	F	SAID
1.2.7	Hierdie vraag het verskillende antwoorde	G	oop vrae
1.2.8	Goedere wat maklik breek	H	kliënte-opname
1.2.9	Kostes gebaseer op die pryse wat jy betaal vir materiaal wat verander volgens produksievolumes	I	veranderlike kostes
1.2.10	Metodes om ingesamelde inligting te interpreteer	J	hoofskuld
		K	geslote vrae
		L	bederfbare goedere

(10 × 2) (20)

1.3 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK.

redigeer; primêre data; interpretasie; veldwerkers; steekproef

1.3.1 Om inligting in te samel.

1.3.2 Om die getal antwoorde per kategorie of gedeelte te tel.

1.3.3 Die resultaat van elke antwoord om na te gaan of dit akkuraat en konsekwent is.

1.3.4 Eerstehandse inligting.

1.3.5 ’n Gedeelte van die teikenmark.

(5 × 2) (10)]
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

FOTOGENIESE AVONTURE



Frank is die eienaar van ’n vooruitstrewende fotografiebesigheid. Hy het as ’n professionele sjef gewerk, maar is as die gevolg van die 2020-pandemie afgelê. Die pandemie het die voedsel- en toerismebedryf geknak en hy kon nie werk kry nie.
Ná goeie navorsing op die internet, het hy op ’n geakkrediteerde TBOO-instelling afgekom wat kort aanlyn kursusse aanbied. Die kursus was bekostigbaar en hy het besluit om dit te doen. Hy het sy laaste WVF-geld gebruik om sy selfoon op te gradeer omdat hy dit nie kon bekostig om die nuutste kamera te koop nie.
Hy het sy besigheid op alle platforms geadverteer en verskillende pakkette teen billike pryse aangebied. Dit het hom gehelp om ’n goeie kamera te koop, om meer besigheid te doen. Een van sy grootste begeertes is om sy besigheid uit te brei. Hy wil ’n huishoudelike naam word.

VRAAG 2

2.1 Watter tipe navorsing het Frank gebruik? Primêre of sekondêre navorsing? Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

2.2 Verkoop Frank ’n produk en/of diens? Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

2.3 Is die WVF ’n regeringsfonds en ’n fonds sonder winsbejag? Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

2.4 Noem die subsektor waaronder die volgende besighede val.

2.4.1 Vervoer

2.4.2 ABSA

2.4.3 Suiwelplase

Kopiereg voorbehou

2.4.4 Vervaardiging  (4 × 1) (4)

2.5 Noem DRIE redes waarom jy Frank sal aanraai om eerder ’n vennootskap te vorm. (3 × 2) (6)

2.6 Verduidelik DRIE eienskappe wat dienste van produkte *onderskei*. (3 × 2) (6)
[25]

VRAAG 3

3.1 Bespreek kortliks die SWOT analise van Frank se besigheid in ’n tabelformaat. Gebruik jou eie bewoording.  (4 × 2) (8)

3.2 Frank het besluit om ’n lening van R40 000 by XYZ Bank aan te gaan om sy besigheid uit te brei. Hulle hef 20% rente per jaar. Die lening sal oor 3 jaar afbetaal word.

 Bereken hoeveel rente Frank oor 3 jaar aan die bank sal betaal.

Gebruik die enkelvoudige-rente-formule: $I = \frac{P \times R \times T}{100}$ (6)

3.3 Noem VIER tipes media wat Frank kan gebruik om sy besigheid te adverteer. (4)

3.4 Frank het sy eie besigheid begin.

Definieer die term *alleenhandelaar* en bespreek kortliks EEN voordeel van ’n alleenhandelaar.  (2)

3.5 Noem Maslow se hiërargie van behoeftes in die korrekte volgorde. (5)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Jy is ’n begaafde sanger en wil jou gawe gebruik om geld te maak. Jy beplan om die volgende platforms te gebruik om jouself te bemark en jou liedjies op te laai.

- Gebruik die volgende sosiale-mediaplatforms om ’n vraelys op te stel.
- Gee ten minste DRIE oop vrae en TWEE geslote vrae.
- Wees kreatief wanneer jy jou vrae formuleer.





(10)

4.2 Identifiseer DRIE metodes om jou begroting te bestuur en beheer. (3 × 2) (6)

4.3 Identifiseer of die volgende ’n BEDRYFS- of VASTE BATE is.

4.3.1 Bank

4.3.2 Rekenaartoerusting

4.3.3 Handelsvoorraad

4.3.4 Voertuig

4.3.5 Masjinerie

(5 × 1) (5)

4.4 Noem die VIER P’s in bemarking. (4)

[25]

VRAAG 5

RYAN SE TAXIDIENSTE



Mnr. Ryan Cloete is ’n middeljarige man. Hy het onlangs ’n goeie tweedehandse sewe-sitplek taxi gekoop. Hy het ’n gaping in sy area gesien en besluit om by die taxi-bedryf aan te sluit. Die roetes sal van King Shaka Airport na die omliggende areas wees. Die diens sal R20 per kilometer wees. Hy sal studente in die oggende en middae teen ’n gesubsidieerde prys vervoer.
Mnr. Cloete is bewus van die uitdagings in die taxi-bedryf. Hy beplan om hard te werk om genoeg geld te genereer om nog ’n voertuig by sy vloot te voeg.

5.1 Noem DRIE uitgawes van ’n taxi-besigheid. (3)

5.2 Noem DRIE belanghebbers betrokke in die taxi-bedryf. (3)

5.3 Ryan is baie bekommerd dat hy kliënte kan verloor as gevolg van kompetisie.

Noem DRIE faktore wat daartoe kan lei dat kliënte nie sy besigheid ondersteun nie.

(3 × 2) (6)

5.4 Voltooi die tabel hier onder om die verwagte omset vir die volgende maand te bepaal. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.4.1–5.4.5) in die ANTWOORDBOEK.

Maande	November	Desember	Januarie	Februarie	Totaal
Kilometer gereis	150	350	40	70	610
Omset	**5.4.1**	**5.4.2**	**5.4.3**	**5.4.4**	**5.4.5**

(5 × 2) (10)

5.5 Die vraag na die volgende produkte styg gedurende 'n sekere tyd van die jaar. Noem die maand of maande van die jaar.

5.5.1



5.5.2



5.5.3



(3 × 1) (3)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou